Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 38: *Korach* **(קורח)** – Korag

Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam. Num. 16:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Num. 16:1 tot 18:32

- Rebellie Teen YHVH.
- **Num. 16:1 tot 11** – Die Rebellie Van Korag En Sy Bende
- **Num. 16:12 tot 19** – YHVH Se Gesagstruktuur Van Leierskap
- **Num. 16:20 tot 43** – Maak Dat Julle Wegkom...!
- **Num. 16:44 tot 48** – Moses En Aäron Die Voorbidders.
- **Num. 17:1 tot 13** – Die Staf Van Aäron
- **Num. 18:1 tot 32 –** Die Onderhouding Van Die Priesters En Die Leviete

Haftorah: 1 Sam. 11:14 tot 12:22 – YHVH Se Toelaatbare En Volmaakte Wil

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Hernieude verbond: Rom. 13:1 tot 7; Heb. 13:17; Judas 1 tot 25; Joh. 15:1 tot 7;1 Kor. 9:7 tot 14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17 tot 18; Matt. 23:2; Matt. 5:1; Luk. 4:20 tot 22.

Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once – Jean Paul.

Do you love life? Then do not squander time, for that is the stuff life is made of – Benjamin Franklin.

Midrash (Torah Bespreking)

Rebellie Teen YHVH

Die sentrale tema van hierdie week se Torah en Haftorah gedeelte is rebellie teen YHVH se gesagstruktuur en teen YHVH se Woord. In die vorige twee Torah-Skriflesings (Parashah 36 en 37) het ons reeds met rebellie te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan:

- Parashah 36: Mirjam het kwaadgespreek (*l'shon hara*) van Moses en is met 'melaatsheid' gestraf ('n fisiese manifistasie van 'n onrein toestand weens sonde). Verwys Num. 12:1 tot 16, veral verse 10 en 11. Hierdie kwaadspraak was rebellie teen Moses, YHVH se aangestelde leier, en daarom ook rebellie teen YHVH self!

- Parashah 37: Die tien verkenners het kwaadgespreek (gelaster) van YHVH en van die Beloofde Land en het gesterf deur 'n plaag wat hulle getref het (Num. 14:37). Die volk se straf vir hulle murmerering (rebellie) was dat almal van die ouderdom van 20 jaar en ouer in die wildernis gesterf het en nie Kanaän binne kon gaan nie (Num. 14:29 tot 35 – let op vers 33 wat na hierdie rebellie as hoerery verwys). Om teenstrydig met YHVH se beloftes te praat en op te tree is rebellie!

Rebellie teen YHVH en teen Sy gesagstruktuur is dus 'n baie ernstige oortreding (sonde) wat gestraf sal word!! Hierdie is 'n baie belangrike les vir ons om te leer!

Wat is die definisie van rebellie?

Open or determined defiance of, or resistance to, any authority or controlling power (The Oxford Universal Dictionary).

Rebellie is om die gesag waaronder jy staan te ondermyn hetsy deur openlike of subtiele (bedekte) aksies. Murmerering (ontevredenheid) is ook rebellie! Daarom was Mirjam, die tien verkenners en die volk se murmerering rebellie teen YHVH en Sy gesagstruktuur. Dit was ook wantroue in YHVH se beloftes en dit het die toorn van YHVH ontketen.

In hierdie parashah word ons weereens gewaarsku oor die ernstige gevolge van rebellie teen YHVH se gesagstruktuur (leiers).

Ons leer ook meer oor die hoedanighede (vereistes) en standaard van geestelike leierskap. Die vraag is of die patroon wat ons in Torah vind steeds vandag van toepassing is op geestelike leiers en op die gemeente (*qahal, ekklesia*). Die volgende is komende uit Ekerk se leier nuusbrief (Junie 2012)

*Men and women who are pastors in America today find that they have entered into a way of life that is in ruins. The vocation of pastor has been replaced by the strategies of religious entrepreneurs with business plans. Any kind of continuity with pastors in times past is virtually nonexistent (*Eugene Peterson se boek *The Pastor). Vandag woon meer en meer mense eredienste in groot gemeentes by. Groot openbare sprekers. Dinamiese leiers. Goeie besigheidsmense. Goeie bemarkers wat weet hoe om 'n produk te verpak. Groot empires. Almal, volgens Peterson, kenmerke van die moderne kerkleier. Herders? Nie so baie nie!*

Is bogenoemde dit wat YHVH se maatstaf van Sy gemeente (volk) en van 'n goeie leier is?

Bepeins of Bespreek

1. Is Mega-kerke die resultaat van die werking van die Afgesonderde (Heilige) Gees of die resultaat van suksesvolle en dinamiese leiers? Sowat 40 000 mense kom elke Sondag in Joel Osteen se kerk bymekaar. Is dit die norm waarteen leraars hulself moet meet of is Moses steeds die norm? Die probleem is dat groot getalle en suksesvolle leiers die norm geword het van herlewing en van die werking van die Afgesonderde Gees.

2. Kan ware herlewing georganiseer word? Wat is ware herlewing? Getalle? Rykdom? Dinamiese sprekers? 'n Goed ingerigte en toegeruste (kerk)gebou? 'n 'Gesalfde' sangbediening? Tekens en wonders? Waar en hoe begin ware herlewing?

In the early church their power was electrifying, in the modern church our power is electronic – Leonard Ravenhill.

Num. 16:1 tot 11 – Die Rebellie Van Korag En Sy Bende

En Korag, die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, saam met Datan en Abíram, seuns van Elíab, en On, die seun van Pelet, seuns van Ruben, het manne geneem, en hulle het opgestaan voor die oë van Moses saam met twee honderd en vyftig man uit die kinders van Israel, owerstes van die vergadering, manne wat opgeroep was vir die volksvergadering, manne van naam. En hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en YHVH is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van YHVH? Num. 16:1 tot 3.

Korag , Datan, Abiram, On, tesame met 250 man het opgestaan (bymekaargekom, gerebelleer) teen Moses en Aäron. Hierdie gebeure herinner ons sterk daaraan, en dien ook as waarskuwing, dat hoogmoed, ambisie en 'n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadspraak en rebellie. Dit kan soos 'n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek.

Moses se gesag en sy roeping (aanstelling) deur YHVH was deur Korag en sy bende bevraagteken. Om teen Moses te rebelleer (op te staan) is om teen Torah te rebelleer en is dus rebellie teen YHVH self. Onthou YHVH se Torah, die wet, word ook Moses genoem (Hand. 15:21), asook die wet van Moses (Luk. 2:22; Luk. 24:44).

Vooruitstrewendheid (ambisie) opsigself is nie verkeerd nie, maar wanneer dit eersugtig (roemsugtig, heerssugtig, hebsugtig) gefokus is, word eie belange ten koste van ander se belange nagejaag. Korag se rebellie was uit selfsugtigheid aangevuur deur ‘n gevoel van verontregting. Hy, Datan Abiram en On, asook 250 owerstes van die vergadering het hulself as verontregtes beskou. Hulle was almal voorstanders van gelykstellende aksie!

Korag was ‘n Leviet en die neef van Aäron en was ‘oorgesien’ toe die priestserorde saamgestel was en was slegs aangewys as hulpverlenend tot die priesters. Hy was ook die eersgeborene (Ex. 6:20), maar toe die dienswerk aangaande die offerandes ingestel was, het die seuns van Aäron die eersgeborenes van Israel by dienswerk van die offerandes vervang.

Datan, Abiram en On was uit die stam van Ruben – die eersgeborene van Jakob. Hulle het verontreg gevoel omrede Ruben sy eersgeboorte reg ten koste van die seuns van Josef prys moes gee (1 Kron. 5:1).

Die 250 man (owerstes) uit die kinders van Israel was simpatiseerders en het hulself dus ook as verontregtes beskou.

Korag was die rebelleleier en daarom word daar verwys na Korag en sy bende. Die Naam Korag beteken *gebrek aan natuurlike bedekking* of *kaalkoppigheid*. Hierdie is ‘n sinnebeeld van ons natuurlike bedekking (die beskerming wat ons het) wat weggeneem word wanneer ons teen YHVH rebelleer of teen diegene wat YHVH aangestel het.

In hierdie Skrifgedeelte sien ons ook die ‘formule’ (‘wenresep’) vir rebellie. Eerstens sal die ontevredenes (sogenaamde verontregdes) hulle van die res van die vergadering (gemeente) skei, gevolg deur opstandigheid teen die leierskap, dan is daar die ‘werwing’ van ander met soortgelyke siening en laastens die beskuldiging van die leierskap en pogings om die leierskap omvêr te werp.

Die les om uit Korag se rebellie te leer is dat ‘die formule’ vir rebellie die volgende elemente, volgorde en gevolge bevat:

> Gegriefdheid (gebelgdheid) → bitterheid → skeiding → werwing van simpatiseerders → opstandigheid → beskuldiging en rebellie teen YHVH se gesag → omverwerping van YHVH se gesag → YHVH se oordeel → dood.

Die gees van Korag heers in die wêreld, maar is ook aanwesig in die liggaam van Yeshua – Sy gemeente. Rebellie is die magspel wat dikwels deur ongelowiges (die wêreld) gespeel word, maar ongelukkig ook dikwels deur gelowiges in Yeshua. Dit is die gees wat meer mag (gesag) en groter beheer oor mense begeer.

Onthou: die mens is nie geskape om oor ander mense te heers nie, maar wel om te heers oor die res van YHVH se Skepping (Gen. 1:28).

Die gees van Korag is onderliggend in ons elkeen weens ons sonde-geneigdheid. Wat die vlees bedink is vyandskap (rebellie) teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie (Rom. 8:7). Paulus verwys ook hierna in Rom. 7:14 tot 23 – Ons weet wat die goeie is om te doen, maar so dikwels doen ons dan die teenoorgestelde. Ons vlees is geneig tot rebellie teen YHVH se wil vir ons. Ons vlees rebelleer teen Torah en is voortdurend op soek

na redes om nie Torah-gehoorsaam te wees nie. MAAR in Yeshua is daar oorwinning oor hierdie rebellie teen YHVH se onderrig en instruksies (Rom. 7:24 en 25).

Bepeins of Bespreek

1. Is die verwerping van YHVH se wet (die verklaring van vry van die wet) dan nie rebellie teen YHVH nie? Lees Jer. 11:1 tot 5, 11 en 14, asook Spr. 28:9.

2. Lees Jes. 14:12 tot 23. Het die rebellie van Satan nie dieselfde patroon (formule) as die rebellie van Korag gevolg nie?

3. Na watter mense verwys Judas 1:1 tot 16. Wie is die hedendaagse mense in verse 4 en 11? Wie is die hedendaagse valse leraars wat die genade van God in **ongebondenheid** (*lasciviousness*) verander en wat met ‘n Kain, Bileam en Korag vergelyk kan word? Verwys ook 2 Pet. 2:1 tot 3
   Volgens Thayer’s Greek Definitions beteken *ongebondenheid* die volgende: *unbridled lust, excess, licentiousness (bandelossheid, wetteloosheid, wellustigheid), lasciviousness (wulpsheid, onkuisheid), wantonness (moedswilligheid), outrageousness, shamelessness, insolence (parmantigheid, onbeskaamdheid).* In die verband skryf Barnes in sy *Notes on the Bible* die volgende:

   > *Abusing the doctrines of grace so as to give indulgence to corrupt and carnal propensities. That is, probably, they gave this form to their teaching, as Antinomians have often done,* ***that by the gospel they were released from the obligations of the law,*** *and might give indulgence to their sinful passions in order that grace might abound.* ***Antinomianism*** *began early in the world, and has always had a wide prevalence. The liability of the doctrines of grace to be thus abused was foreseen by Paul, and against such abuse he earnestly sought to guard the Christians of his time (Rom. 6:1).*

   Antinomianisme is die siening dat YHVH se genade in Yeshua voorsiening maak dat redding deur geloof alleenlik noodsaaklik is en daarom is selfs die morele wette van YHVH opgehef. Verkondig die kerk (‘n groot deel) nie antinomianisme nie, want sonde volgens die ou verbond word nie meer as sonde onder die hernieude verbond beskou nie?

4. Hoe weet ons watter geestelike leiers is deur YHVH aangestel, want dit is hulle teen wie se gesag ons nie mag rebeller nie! Kwalifiseer die herder (leier) van ‘n gemeente of bediening ‘outomaties’ as aangestel deur YHVH? Sommige bedieninge praat van die ‘spiritual covering’ wat hulle mense bied. Is dit waar of enigsins moontlik en Skriftuurlik?

5. Onthou: Indien jy lidmaat van ‘n gemeente (denominasie) is, onderwerp jy jou aan die gesag van die leierskap. Is dit dan nie rebellie indien jy nie getrou aan die leerstellings van die leierskap is nie?

6. Wat begeer jy? Meer gesag (mag) of meer invloed?

Num. 16:12 tot 19 – YHVH Se Gesagstruktuur Van Leierskap

En Moses het gestuur om Datan en Abíram, die seuns van Elíab, te laat roep; maar hulle het gesê: Ons sal nie opkom nie. Num. 16:12

In Num. 16:12 sien ons Korag en sy bende se verset teen YHVH se gesagstruktuur soos dit in die leierskap van Moses en Aäron gevestig was. Ons sien ook dat Korag se rebellie nou die fase van beskuldiging van en verset teen die leierskap bereik het (Num. 16:13 en 14). Hierdie dien as waarskuwing dat rebellie teen YHVH se gesagstruktuur die wat rebelleer se oë vir die waarheid sluit, want Korag en sy bende beskou Egipte nou as die land wat oorloop van melk en heuning, en nie meer Kanaän nie. Moses se leierskap word nou as baasspelerig gesien en nie meer as deur YHVH self ingestel nie.

Inderwaarheid het Korag en sy bende die volgende in twyfel getrek, naamlik:

- Het YHVH die Torah gegee?
- Was Moses ‘n profeet?
- Was Aäron as hoëpriester aangestel?

Vandag word (deur die kerk) gesê dat Torah nie aan die gelowiges in Yeshua gegee is nie, maar slegs aan Israel. Vandag word die profesieë van Moses met betrekking tot Yeshua as die Lewende Torah as minder belangrik geag, want dit is deur groter en belangriker hedendaagse profete vervang. En laastens, vandag word Yeshua nie gesien as die Hoëpriester wat YHVH se Torah kom bevestig (vervul, bekragtig) het nie. Die gees van Korag is steeds in ons midde!!

YHVH se gesagstruktuur wat in Moses gesetel was, staan bekend as die stoel van Moses (Matt. 23:2). Dit beteken dat die gesag om Israel in Torah te onderrig en om volgens Torah te oordeel, naamlik beslissing en uitspraak te lewer, is deur YHVH aan Moses gegee. Moses het die Torah direk van YHVH ontvang en het dit aan Israel ‘gegee’ deur hulle daarin te onderrig. Moses is dus die heenwysing (afbeelding) van wat geestelike leierskap behels en hoe dit moet funksioneer.

Moses is ook ‘n heenwysing na Yeshua Messias wat gekom het om die wet (Torah) te vervul (te bevestig) en nie om dit te ontbind (tot niet te maak) nie (Matt. 5:17). Daarom het Yeshua gesê dat elkeen wat op die stoel van Moses sit en een van die minste van die gebooie van Torah breek, en die mense so leer, sal die minste in die koninkryk genoem word (Matt. 5:19).

Elke opvolger van Moses, naamlik elke geestelike leier, sit as te ware ook op die stoel van Moses. Daarom het Yeshua gesê: *Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van Moshe* (Matt. 23:2 – PWL)[2]. Die probleem was egter dat die skrifgeleerdes en Fariseërs afgewyk het van Torah deur vir Israel bygevoegde mensgemaakte wette te leer. Hulle het pakke (laste) saamgebind wat moeilik is om te dra en dit op mense se skouers gelê (Matt. 23:4).

[2] Die gebruik van die terminologie *die stoel van Moses* het ontstaan in die sanhedrin (die gesagsowerheid van die gemeente; die *qahal* – Num. 16:3; *ekklesia* – Matt. 16:18) toe hulle gesit het terwyl hulle Torah bespreek het, maar gestaan het terwyl hulle uit Torah gelees het (Matt. 5:1; Luk. 4:20 tot 22).
Die betekenis van Matt. 23:1 tot 4 word duidelik indien vers 3 meer korrek soos volg vertaal word: *daarom moet julle alles wat **Moses** vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos die **skrifgeleerdes en Fariseërs** doen nie, want hulle praat en doen nie, want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie,*

Die hooftaak van ‘n geestelike leier (leraar, apostel, dissipel) is dus om ‘n leraar van Torah te wees, naamlik om mense in die wet van YHVH te onderrig en hulle te leer hoe om dit in hulle alledaagse lewe toe te pas. Geestelike leiers wat versuim om dit te doen openbaar die gees van Korag, want hulle rebelleer teen Moses – teen YHVH se Torah!! As gelowiges in Yeshua as Messias moet ons die woorde van Torah as die gesag van YHVH erken.

Die opdrag van Yeshua, naamlik: Gaan maak dissipels (volgelinge) *en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het* (Matt. 28:19), is nie ‘n nuwe opdrag nie, maar dit was aanvanklik aan Moses gegee (Deut. 4:14 en 5:1) en aan die wat na Moses as geestelike leiers aangestel is. Hierdie taak is ondermeer aan die priesters gegee (Lev. 10:10 en 11, Mal. 2:7), asook aan die owerstes van Israel (2 Kron. 17:7 en 9). Dit is steeds vandag die taak van elke volgeling van Yeshua. Daarom skryf Paulus aan Timotheus en sê:

> *Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die* ***boodskap van die waarheid reguit verkondig****,* 2 Tim. 2:15 – PWL.

Die ‘vuurpan en reukwerk-toets’ van YHVH se gesagstruktuur en van gehoorsaamheid maak die onderskeid tussen diegene wat deur YHVH aangestel is en diegene wat selfaangestelde leiers is. Indien die gebeure rondom Nadab en Abihu (Num. 3:4) vergelyk word met die gebeure rondom Korag en sy bende dan kom ons tot die gevolgtrekking dat dit alleenlik die priesters, naamlik diegene wat deur YHVH afgesonder (geheilig) en aangestel is, wat vuur vanaf die brandofferaltaar met reukwerk vanaf die reukaltaar voor YHVH se aangesig mag bring (Ex. 30:9).

YHVH alleen besluit *wie Hom toebehoort en wie die heilige is, en wie Hy na Hom laat naderkom: Wie Hy uitkies, sal Hy na Hom laat nader kom* (Num. 16:5). Nadab en Abihu was wel priesters, maar hulle het reukwerk afkomstig van vreemde vuur gebring en daarom het beide gesterf. Korag en sy bende was nie deur YHVH as priesters aangestel nie en daarom het hulle nie toegang tot die heiligdom gehad nie. Hulle vuurpanne het dus vreemde vuur en vreemde reukwerk bevat en daarom het hulle gesterf. Hulle het nie die onderrig en instruksies, sowel as die protokol van Torah gevolg nie, maar hulle eie werke as offer aangebied. Soos in die geval van Kain is Korag en sy bende se offerande nie deur YHVH aanvaar nie.

YHVH het ‘n gesagstruktuur daargestel en binne hierdie gesagstruktuur bestaan daar ‘n bepaalde wyse (protokol) hoe dienswerk verrig moet word deur diegene wat YHVH aangestel het (Num. 16:39 en 40). Daar is Een Wetgewer (Jak. 4:12), YHVH Yeshua, en Sy magsbasis funksioneer vanaf die stoel van Moses. Dit is ‘n leerstoel van Torah Onderrig!!

Bepeins of Bespreek

1. Moet ek my onderwerp aan die gesag van ‘n geestelike leier wat Torah verwerp? Is dit rebellie om teen ‘n Torah-ongehoorsame geestelike leier (een wat die Torah as uitgedien beskou) op te staan?

2. Kan ek outoriteit van die Vader raaksien en erken as Hy dit vir iemand gee?

3. Het die Jode (Judaïsme) vandag nog steeds gesag oor sekere dinge van Vader-God, soos bv die Feestye, die bepaling van die begin van die nuwe maand, ens.? Het hierdie gesagstruktuur nie tot ‘n einde gekom met die vernietiging van die tweede tempel in 70 nM nie?

4. Wat van diegene wat onder geen gesag van ‘n geestelike leier staan nie? Is dit die wil van YHVH dat elkeen deel is van ‘n geestelike gesagstruktuur van mense? Is dit nie hoe ‘n gemeente moet funksioneer nie? Verwys Hand. 2:42 tot 47 en Heb. 10:23 tot 25.

Num. 16:20 tot 40 – Maak Dat Julle Wegkom...!

יהוה *het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:“Sonder julle af vanuit hierdie vergadering en Ek sal hulle in ‘n oomblik verteer.”* Num. 16:20 en 21 – PWL.

YHVH het aan Moses gesê om hulle af te skei van Korag en sy bende – *maak dat julle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abiram* (Num. 16:20 en 24). Let op vers 26 waar Moses Israel beveel om selfs nie aan iets te raak wat aan hulle behoort nie, *dat julle nie weens al hulle sondes omkom nie*.

Die oordeel en straf van Korag en sy bende (Num. 16:27 tot 35) is bevestiging dat YHVH die sondes van die vaders aan die kinders toereken (Num. 16:27, 32 en 33), selfs tot in die derde en die vierde geslag (Ex. 20:5).

Ten spyte van hierdie gebeure het die volk egter steeds gemurmureer (Num. 16:41). Die kragdadige oordeel van Korag en sy bende het nie Israel se hartsgesindheid verander nie. Moses en Aäron was beskuldig: *Julle het die volk van YHVH gedood*. As gevolg hiervan het YHVH ‘n plaag onder die volk gestuur (Num. 16:47).

Bepeins of Bespreek

1. Is hierdie opdrag in Num. 16:20 en 24 nie ook op ons vandag van toepassing nie? Verwys Open. 18:4 en 2 Kor. 6:17 – ook hier lees ons: *raak nie aan wat onrein is nie*. Loop ons nie gevaar om ook geoordeel te word indien ons met ongehoorsaamheid en rebellie ‘flankeer’ nie?

2. Tot ‘n groot mate bepaal ouers die lot van hulle kinders. Verwys Hos. 4:6 en let op die laaste gedeelte van die vers! Lees ook Jes. 5:13 – ongehoorsaamheid aan Torah is ballingskap.

3. Hoeveel keer beleef gelowiges YHVH se oordeel by wyse van siekte, finansiele probleme, gebroke verhoudinge, ensovoorts, maar weier om berou te toon en weier om gehoorsaam aan Torah te wees? Dit is makliker om iemand anders die skuld te gee (*blame shifting*) as om selfondersoek te doen!

4. Het ons meer geloof (vertroue) of meer gehoorsaamheid nodig om YHVH se seëninge te ervaar? Vergelyk Skrifgedeeltes soos Matt. 21:22 met Deut. 28:1 en 2.

Num. 16:44 tot 48 – Moses En Aäron Die Voorbidders.

“*Kom weg vanuit hierdie vergadering, dat Ek hulle in ‘n oomblik kan verteer;” en hulle val op hulle gesigte neer.* Num. 16:45 – PWL Vertaling

Moses en Aäron is ‘n voorbeeld van ware voorbidders (middelaars) en is ‘n sinnebeeld van Yeshua ons Middelaar. Yeshua is ons Advokaat en Priester na wie ons met vrymoedigheid kan gaan! Deur geloof in Yeshua se versoeningswerk van sondevergifnis aan die folterpaal kan ons met vrymoedigheid na Vader-god gaan.

want daar is daarom vir ons ’n Groot nie-Levitiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, Die Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis, want ons het nie ’n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in ’n tyd van lyding. Heb. 4:14 tot 16 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Is ons bereid om voorbidding te doen en as middelaar op tree vir diegene wat ons verontreg het?

Num. 17:1 tot 13 – Die Staf Van Aäron.

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê:“Praat met die kinders van Yisra’el en vat van hulle, vir elke vader se huis, ‘n staf; van elke leier, volgens hulle vader se huis, twaalf stawwe. Skryf elke man se naam op sy staf.* Num. 17:1 en 2 – PWL

Die verdere, en finale, bevestiging van YHVH se gesagstruktuur was die ‘staftoets’ waar elke stamhoof, asook Aäron, hul staf na Moses moes bring wat die stawe weg gesit het in die tent van samekoms voor die Getuienis (Num. 17:4). Die staf wat YHVH uitgekies het, het bloeisels gemaak en vrug gedra. Hierdie is ‘n heenwysing na die vrug van die Gees van diegene wat YHVH uitgekies het (Gal. 5:22).

Aäron se staf simboliseer sy outoriteit (gesag) en die blomme en amandels die vrug van sy bediening.

Aäron se staf wat gebod en blomme en amandels voortgebring het, is ‘n heenwysing na Yeshua Messias – *‘n takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra* (Jes.11:1 en 10).

Die Hebreeus vir amandel is *sha’ked* en is afgelei van die woord *sha’kad* wat *ywerig* (*op en wakker*), *volharding* (*deursettingsvermoë*), *haastig* en *waaksaamheid* beteken. Aäron se staf simboliseer dus ook Vader-God se waaksaamheid en ywerigheid oor Sy Woord en die gesag van die Woord (Heb. 1:3). Yeshua as Hoëprietser, en as die Woord wat vlees geword het, waak oor die woorde van YHVH en is ywerig om dit te volbring. Verwys Jer. 1:11 en 12 – *want Ek is wakker (ywerig) oor my woord om dit te volbring*. Die woord is lewend en kragtig en skerper as ‘n tweesnydende swaard (Heb. 4:12). YHVH se woord is Sy krag (Heb. 1:3).

Bepeins of Bespreek

1. Getuig Num. 17:5 van YHVH se genade? Het YHVH uit genade hierdie ‘bewys’ van Sy gekose gesagstruktuur aan Israel gegee om toekomstige murmererings te verhoed? YHVH het die rebellie van die volk op twee wyses aangespreek, naamlik deur strafgerigte (Korag en sy bende) en deur genade (Aäron se staf).

Num. 18:1 tot 32 – Die Onderhouding Van Die Priesters En Die Leviete

יהוה *het vir Aharon gesê: "Jy, jou seuns en die huis van jou vader saam met jou moet die skuld aangaande die Afgesonderde plek dra en jy en jou seuns saam met jou moet die skuld aangaande julle priesterskap dra.* Num. 18:1 – PWL.

Volgens Num. 18:21 en 24 tot 26 moes Israel 'n tiende van hulle inkomste aan die Leviete gee sodat hulle al hulle aandag kan gee aan die dienswerk in die taberbnakel en aan die onderrig van Israel in Torah sonder om te arbei en 'n inkomste self te genereer. Israel moes dus die Leviete onderhou.

Die beginsel van die gee van tiendes gaan terug na Abraham wat 'n tiende aan Melgisedek gegee het (Gen. 14:20) en Jakob wat 'n tiende van alles aan YHVH belowe het indien hy in vrede na sy vaderhuis kon terugkeer (Gen. 28:20 tot 22). Die gee van tiendes het dus nie begin met die gee van die wet (Torah) nie, maar die gee van tiendes aan die Leviete was egter nou deel van die wet. Verwys Neh. 10:37 en 12:44. In Lev. 27:30 en 32 het ons geleer dat die tiendes aan YHVH behoort – dit is afgesonder (heilig) aan YHVH.

Die gee van tiendes was wel ingestel om die Leviete te onderhou, maar die uiteindelike doel was om YHVH se Koninkryk hier op aarde te vestig en uit te brei. MAAR: Die gee van tiendes kan nie oorvereenvoudig word nie, want daar is ander bybepalings wat die gee van tiendes reguleer.

Opsommend behels die gee van tiendes die volgende:

- 'n Aanvanklike tiende moes gegee word vir die onderhoud van die priesters en die tempeldiens (Lev. 27:30 tot 33; Num. 18:20 tot 21).

- 'n Tiende moes opgsy gesit word vir 'n jaarlikse feesmaal in Jerusalem wat vir almal oop was (Deut. 12:17 en 18) of as Jerusalem ver van jou is, dan kan jy die feesmaal in jou poorte hou (Deut. 12:21)

- Daar was ook 'n tiende wat vir die weduwees en die weeskinders opsy gesit was (Deut. 14:28 en 29; Deut. 26:12 en 13)

- Gedurende die Shabbatsjaar en die Jubeljaar was daar geen tiende van die oes nie.

Aangesien die Levitiese priesterorde onder die hernieude verbond nie meer bestaan nie, is die vraag of die gee van tiendes nog van toepassing is? In die verband moet ons nie vergeet wat Paulus ondermeer die verband in 1 Tim. 5:17 en 18, 1 Kor. 9:13 en 14 en in Gal. 6:6 sê nie. Verwys ook Luk 10:7.

Bepeins of Bespreek

1. Wie het die meeste baat gevind by die gee van tiendes? Was dit die volk of die Leviete? Was dit nie die volk gewees nie, want nou kon die Leviete hulle volle aandag gee aan onderrig in Torah en aan dienswerk in die tabernakel? Was dit nie tot die volk se voordeel nie? Verder het YHVH belowe om elkeen te seën wat sy tiende gee.

2. Moet ons 'n tiende gee van dit wat ons ontvang (ons inkomste) of 'n tiende gee van ons opbrengs?

3. Is die gee van tiendes ‘n wyse van aanbidding?

4. Gee 1 Kor. 9:13 en 14 aan ‘n geestelike leier die reg om ‘n inkomste uit sy bediening te genereer?

5. Mal. 3:10 en 11 word dikwels gebruik om mense ‘te motiveer’ om tiendes en offerandes te gee. Die skathuis was die tempel. Is die kerk nou YHVH se skathuis? Is die dominee, pastoor of geestelike leier nou die Leviet vir wie gesorg moet word? Is ons dan nie almal ‘n koninklike priesterdom nie?

6. Moet ons nie ons tiende in vrugbare grond saai nie? Is ‘n bediening (kerk, denominasie, bediening) wat die wet (Torah) verwerp, en hulle lidmate so leer, vrugbare grond?

Nota: Neh. 8:4 tot 8. Om onderrig uit Torah vanaf ‘n ‘preekstoel’ te gee is Skriftuurlik.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Sam. 11:14 tot 12:22 – YHVH Se Toelaatbare En Volmaakte Wil

Toe sê Samuel aan die hele Israel: Kyk, ek het na julle geluister in alles wat julle aan my gesê het, en ‘n koning oor julle aangestel. En kyk nou, die koning sal voor julle uit wandel, en ek het oud en grys geword, en my seuns is hier by julle. En ek het voor julle uit gewandel van my jeug af tot vandag toe. 1 Sam. 12:1 en 2.

Soos in hierdie week se Parashah ondermeer bespreek word, handel die Haftorah ook oor leierskapkwessies. In ons Torahstudies tot op hede, en soos in hierdie week se Parashah bevestig word, was Moses en Aäron deur YHVH gekies as die leiers van Israel. YHVH self was Israel se Koning en Moses het as profeet YHVH op aarde verteenwoordig en Aäron het as Hoëpriester namens YHVH omgesien na die geestelike welstand van Israel. Moses was die regeringsleier en Aäron die geestelike leier! Israel het dus as ‘n Teokrasie gefunksioneer – godsdiens en regering het as eenheid onder die Koningskap van YHVH as regeringstruktuur gefunksioneer. Beide Moses en Aäron is ‘n sinnebeeld van Yeshua wat in die Millennium (Messiaanse Ryk of Koninkryksryk) as Koning en Hoëpriester sal regeer – Koning en Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.

Beide Hierdie week se Torah- en Haftorah Skriflesing handel ook oor rebellie teen YHVH se aangestelde leierskap (gesagstruktuur). Die rebellie van Korag en sy volgelinge teen Moses is ooglopend en word vir ons duidelik uitgewys, terwyl die rebellie teen die leierskap van Samuel in hierdie week se Haftorah meer subtiel is.

In hierdie week se Haftorah leer ons dat Israel vir Samuel gevra het om ‘n koning oor hulle aan te stel en hy het aan hierdie versoek voldoen en Saul is as koning aangestel.

En die hele volk het na Gilgal getrek en daar Saul voor die aangesig van YHVH in Gilgal koning gemaak; en hulle het daar dankoffers voor die aangesig van YHVH geslag, en Saul met al die manne van Israel was daar uitermate vrolik. 1 Sam. 11:15.

Ons leer egter dat Samuel die volk tugtig deur vir hulle te sê (1 Sam. 12:1 tot 5):

Toe sê Sh’mu’el vir die hele Yisra’el: “Let op, ek het na julle stem geluister in alles wat julle vir my gesê het en ‘n koning oor julle aangestel. Nou, hier is die koning wat voor julle loop,

maar ek is oud en grys en let op, my seuns is hier by julle en ek het voor julle geloop van my jeug af tot vandag toe. Hier is ek; bring getuienis teen my voor יהוה *en Sy gesalfde. Wie se bees het ek gevat, of wie se donkie het ek gevat, of vir wie het ek bedrieg? Wie het ek onderdruk of van wie se hand het ek omkoopgeld gevat om my oë daarmee toe te maak? Ek sal dit vir julle teruggee." Hulle antwoord: "U het ons nie bedrieg of ons onderdruk, of enige iets uit iemand se hand gevat nie." Hy sê vir hulle:* יהוה *is getuie teen julle en Sy gesalfde is vandag getuie dat julle niks in my hand gekry het nie." Hulle antwoord: "Hy is getuie."* (PWL).

Die vraag is egter: Hoekom het die volk dan gerebelleer? Kan dit rebellie wees indien YHVH 'n versoek van Sy volk (kinders) toelaat? Was dit YHVH se toelaatbare wil?

Eerstens moet ons verstaan dat 'n monargie deel is van dit wat Torah ons leer soos in parashah 48 *Shoftim* (Regters) verduidelik word. Israel se monargie moet egter nie vergelyk word met ander volke se monargieë van die verlede en hede nie, want die koning van Israel moet in Torah-gehoorsaamheid regeer en moet as herder die volk se Torah-gehoorsaamheid en geregtigheid beskerm en handhaaf. Volgens Torah het 'n koning slegs beperkte mag, naamlik slegs die mag wat Torah hom toelaat, en is hy 'n dienaar van die volk. Verwys Deut. 17:14 tot 20.

Tweedens moet ons verstaan dat YHVH het Samuel as profeet en regter oor Israel aangestel. Dit was YHVH se volmaakte wil vir Israel op daardie tydstip en **nie** 'n koning nie. Hoewel die volk erken het dat Samuel hulle volgens Torah regeer het en daar geen aanklag teen hom ingebring kan word nie, wou die volk nogtans 'n koning hê. Dit is dus rebellie teen YHVH se aangestelde leier en dus rebellie teen YHVH self. Dit is om hulle eie wil bokant die wil van YHVH te stel en dit opsigself is rebellie!

Derdens wou Israel 'n monargie soos die ander volke hê (1 Sam. 5:8). Dit dui op hulle ontvredenheid om volgens Torahbeginsels geregeer te wil word, en is dus ook rebellie.

Israel wou volgens hulle eie wil handel ten koste van YHVH se volmaakte wil. Hierop het Samuel soos vol gereageer:

Toe julle sien dat Nagash, die koning van die seuns van `Ammon, teen julle aankom, het julle vir my gesê: 'Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer' terwyl יהוה*, julle God, jul Koning was; daarom, hier is nou die koning wat julle gekies het, waarvoor julle gevra het en let op,* יהוה *het 'n koning oor julle aangestel. As julle* יהוה *respekvol sal vrees, Hom dien, na Sy stem luister en nie rebelleer teen die bevel van* יהוה *nie, dan sal beide julle, sowel as die koning wat oor julle regeer,* יהוה*, julle God, aanhou volg! As julle nie na die stem van* יהוה *sal luister nie, maar rebelleer teen die bevel van* יהוה*, dan sal die hand van* יהוה *teen julle wees, soos teen julle vaders.* 1 Sam. 12:11 tot 15 – PWL

Israel het hulle sin gekry en Saul is as koning aangestel, **maar** hulle is egter gewaarsku oor die aanspreeklikheid wat hierop volg en wat hulle as gevolg van hulle eie wil sal moet dra.

Die feit dat Israel gesondig het deur 'n koning te wil hê, word onderstreep deur die daaropvolgende gebeure:

Is dit nie vandag koringoestyd nie? Ek sal יהוה *aanroep, dat Hy donderslae en reën gee, dan sal julle weet en sien dat julle boosheid groot is wat julle in die oë van* יהוה *gedoen het deur 'n koning vir julleself te vra." Sh'mu'el het uitgeroep na* יהוה *en* יהוה *het donderslae en reën*

op dié dag gegee en al die mense was baie bang vir יהוה en vir Sh'mu'el. Toe het al die mense vir Sh'mu'el gesê: "Bid tot יהוה , u God, vir u diensknegte, dat ons nie sterf nie, omdat ons by al ons sondes nog boosheid bygevoeg het deur 'n koning vir onsself te vra." 1 Sam. 12:17 tot 19 – PWL.

Samuel bemoedig egter die volk deur te sê dat hulle nie bevrees moet word nie, maar Torah getrou moet bly, want YHVH sal nie sy volk verwerp nie. (1 Sam. 12:20 tot 22). Hoewel Israel gesondig het deur nie YHVH se volmaakte wil te kies nie, was daar genade indien hulle getrou volgens Torah sou wandel.

In 1 Sam. 12:23 lees ons hoekom Samuel 'n ware leier is en sien ons 'n karaktereienskap wat alle leiers van YHVH behoort te openbaar.

Ook wat my betref, dit is ver van my dat ek teen YHVH sou sondig, dat ek sou ophou om vir julle te bid; maar ek sal julle in die goeie en regte weg onderrig.

Samuel het nie verwerping ervaar of toegelaat dat 'n wortel van bitterheid in sy lewe houvas kry nie. Nee, hy was nou wel nie meer die erkende leier nie, maar sy taak om vir die volk te bid en hulle in Torah te onderrig het voortgegaan.

Bepeins of Bespreek

1. Samuel het die volk geneem na Gilgal om die koningskap van Saul te vernuwe (1 Sam. 11:14). Volgens oorlewering is Gilgal die plek waar Joshua die tabernakel opgeslaan het nadat Israel die Beloofde Land binnegegaan het. Dit was die plek en tydperk waar Israel in die volmaakte wil van YHVH was en dus YHVH se seën ervaar het. Samuel wou Israel dus terugneem na daardie plek om hulle te herinner aan die tyd toe hulle in YHVH se volmaakte wil was. Moet ons nie ook dikwels teruggaan of onsself herinner aan die plek en tyd waar ons binne YHVH se volmaakte wil was nie? Leef ons nie dikwels op die grens van gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid nie? Is dit nie om ons tent 'n entjie weg van die tabernakel af op te slaan nie?

2. 'n Handige duimreël om te volg is te vinde in die volgende wyse woorde: *If you're not hearing the voice of YHVH in your life and he seems to be silent, then go back to the last place where he told you to do something and you said, 'No.'*

3. Is die les uit hierdie week se Haftorah nie ook dat YHVH se volmaakte wil die 'makliker opsie' is om te volg nie?

4. Ons moet glo en besef dat YHVH se gedagtes (wil) soveel beter vir ons is as ons eie gedagtes en wil (Jes. 55:8 en 9; Jer. 29:11).

5. Soek eers die Koninkryk van YHVH en Sy geregtigheid (Matt. 6:33) beteken om in 'n Torah-gebasseerde koninkryk te wil dien volgens YHVH se gergetigheid.

6. Die Millennium gaan 'n Torah-gefundeerde Koninkryk wees waar Yeshua as Koning en Hoëpriester gaan regeer. YHVH se Koninkryk was nog altyd 'n Torah-monargie en is steeds een en sal vir ewig een wees. Om te help om YHVH se Koninkryk te vestig is om Torah te vestig!

7. Wat is die belangrikste? Om ‘n geestelike leier te wees of om YHVH se volk in Torah te onderrig en om ‘n voorbidder te wees?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.